

## Van slaaf tot erfgenaam



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Galasiërs 3:26–4:20; Romeine 6:1–11; Hebreërs 2:14–18; 4:14, 15; Romeine 9:4, 5.*

#### Geheeteks:

“Jy is dus nie meer ‘n slaaf nie; jy is nou ‘n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak” (*Galasiërs 4:7*).

**P**aulus sê aan die Galasiërs dat hulle nie soos slawe moet leef en optree nie, maar soos die seuns en dogters van God, met al die regte en voorregte daaraan verbonde – ‘n waarheid wat die jong Martin Luther moes hoor. Soos sy oortuiging van sonde verdiep het, het die jong man gepoog om deur sy eie werke vergifnis en vrede te verkry. Hy het ‘n streng lewe gelei, en poog om deur vas, nagwake, en kastyding die boosheid van sy menslike geaardheid te verminder. En deur sy monnikslewe het hy geen vrymaking gevind nie. Hoe sou hy met ‘n rein hart voor God staan sonder enige opofferings? Later het hy vertel dat hy ‘n vroom monnik was wat die reëls van sy orde streng nagekom het, en tog kon hy daarin geen vrede in homself vind nie. As ‘n monnik ooit die hemel kon verdien deur monnikewerk te verrig, behoort ek beslis daarop aanspraak te kon maak. En tog het dit nie so vir hom uitgewerk nie.

Eers toe hy heelwat later begin het om die waarheid oor verlossing in Christus te verstaan, soos dit geopenbaar is in Galasiërs, het hy enigsins begin om ‘n soort geestelike vryheid te ervaar en hoop gehad vir sy eie siel. As gevolg hiervan, was ons wêreld ook nooit weer dieselfde nie.

*\*Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 19 Augustus.*

## Ons toestand in Christus (*Gal. 3:26–29*)

**Met Galasiërs 3:25 in gedagte, lees Galasiërs 3:26. Hoe help hierdie teksvers ons om te begryp wat ons verhouding met die wet is, noudat ons deur Jesus verlos is?**

---

Die woord want aan die begin van vers 26 is ‘n aanduiding dat Paulus ‘n direkte verband sien tussen hierdie vers, en die een daarvoor. Op dieselfde wyse as wat die meester se seun onder ‘n pedagoog was, solank as wat hy ‘n minderjarige was, sê Paulus dat diegene wat in geloof na Christus kom, nie langer minderjariges is nie; hulle verhouding met die wet het verander, omdat hulle nou volwasse “seuns” van God is. Die term seun is natuurlik nie beperk tot slegs manlikes nie; Paulus sluit beslis die vroue ook in by hierdie kategorie (*Gal. 3:28*). Die rede waarom hy die woord seuns in stede van kinders gebruik, is omdat hy die gesin se erfenis in gedagte het, wat na die manlike kinders oorgedra word, saam met die feit dat die frase “seuns van God” ‘n spesiale benaming van Israel in die Ou Testament was (*Deut. 14:1, Hos. 11:1*). In Christus geniet heidene ook nou die spesiale verhouding met God wat eksklusief aan Israel was.

**Wat is dit oor die doop wat dit so ‘n betekenisvolle gebeurtenis maak? *Gal. 3:27, 28; Rom. 6:1–11; 1 Pet. 3:21*.**

---

Paulus se gebruik van die woord want in vers 27 is weer eens ‘n aanduiding van die hegte logiese ontwikkeling van sy argument. Paulus sien die doop as ‘n radikale besluit om ons lewens met Christus te verenig. In Romeine 6 beskryf hy die doop simbolies as ons eenwording met Jesus, in beide Sy dood en opstanding. In Galasiërs span Paulus ‘n ander metafoer in: die doop is ‘n daad waarin jy met Christus bekleed word. Paulus se terminologie herinner aan die wonderlike gedeeltes in die Ou Testament wat praat van die kleed van geregtigheid en verlossing (*lees Jes. 61:10, Job 29:14*). “Paulus beskou die doop as die oomblik wanneer Christus, soos ‘n kledingstuk, die gelowige omvou. Alhoewel hy nie die term inspan nie, beskryf Paulus hierdie geregtigheid wat aan gelowiges verleen word.” — Frank J. Matera, *Galatians* (Collegeville, Minn.: The Liturgical Press, 1992), p. 145 – vry vertaal.

Ons eenheid met Christus word deur die doop gesimboliseer: wat waar is van Christus, is ook waar van ons. Omdat Christus die “saad” van Abraham is, as “mede-erfgename van Christus” (*Rom. 8:17*), is gelowiges ook erfgename van al die beloftes wat aan Abraham en sy nakomelinge gemaak is.

**Dink na oor die gedagte dat wat van Christus waar is, ook waar van ons is. Hoe behoort hierdie wonderbaarlike waarheid elke aspek van ons bestaan te beïnvloed?**

## Slawe onder die eerste beginsels

Nadat ons so pas ons verhouding met God vergelyk het met seuns en erfgename, brei Paulus nou uit op hierdie metafoor deur die tema van erflatings in Galasiërs 4:1-3. Paulus se terminologie ontlok 'n situasie waarin die eienaar van 'n groot stuk grond gesterf het, en hy laat al sy eiendom na aan sy oudste seun. Sy seun is egter nog minderjarig. Soos met deesdae se testamente ook, stipuleer die vader se testament dat sy seun onder die toesig van voogde en bestuurders sal wees totdat hy volwassenheid bereik. Al is hy die meester (baas) van sy vader se erflating, is hy as minderjarige niks meer as 'n slaaf in werklikheid nie. Paulus se analogie is soortgelyk aan dié van die pedagoog in Galasiërs 3:24, maar in hierdie geval is die mag van die diensknegte en bestuurders superieur en baie belangriker. Hulle is nie slegs verantwoordelik vir die opvoeding van die meester se seun nie, maar hulle is ook in beheer van al die finansiële en administratiewe sake totdat die seun as meerderjarige hierdie take self kan verrig.

**Lees Galasiërs 4:1–3. Wat sê Paulus hier wat dit weer eens duidelik kan maak wat die rol van die wet in ons lewens behoort te wees, noudat ons in Christus is?**

---

Wat Paulus met die frase “eerste beginsels” bedoel, word bevraagteken (*Gal. 4:3, 8*). Die Griekse woord *stoicheia* beteken letterlik “elemente”. Sommige het dit gesien as ‘n beskrywing van die basiese elemente waaruit die heelal opgemaak is (*2 Pet. 3:10, 12*); of as demoniese kragte wat die huidige bese eeu beheer (*Kol. 2:15*); of as die eerste beginsels van die godsdienstige lewe, die ABC van godsdiens (*Heb. 5:12*). Paulus se klem op die mensdom se status as “minderjariges” voor Christus se koms (*Gal. 4:1–3*) suggereer dat hy hier na die elementêre beginsels van die godsdienstige lewe verwys. Indien wel, sê Paulus dat die Ou Testamentiese periode, met sy wette en offerandes, eintlik maar die eerste evangelie was wat die basiese beginsels van verlossing in breë trekke beskryf het. So belangrik en opdraggewend as wat die seremoniële wette vir Israel was, was dit slegs ‘n voorafskaduwing van wat nog sou kom. Dit was nooit bedoel om die plek van Christus in te neem nie. Om ‘n mens se lewe rondom hierdie reëls te rig, in stede van Christus, is soos om terug te gaan in tyd. Vir die Galasiërs om na hierdie elementêre beginsels terug te keer, nadat Christus reeds gekom het, is soos die volwasse seun in Paulus se vergelyking wat weer ‘n kind (minderjarige) wou wees!

**Al is ‘n kinderlike geloof iets positief (Matt. 18:3), is dit noodwendig dieselfde as geestelike volwassenheid? Of kan ‘n mens redeneer dat hoe meer jy geestelik opgroei, hoe meer kinderlik sal jou geloof wees? Hoe kinderlik en “onskuldig” en vertrouend is jou geloof?**

## “God het sy Seun uitgestuur” (*Gal. 4:4*)

**“Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet” (*Gal. 4:4*).**

Paulus se keuse van die woord volheid is ‘n aanduiding van God se aktiewe rol om Sy doel in die menslike geskiedenis uit te werk. Jesus het nie sommer net op enige tydstep gekom nie; Hy het op die presiese tyd gekom wat God voorberei het. Vanuit ‘n historiese perspektief staan daardie tyd bekend as die *Pax Romana* (die Romeinse Vrede), ‘n twee honderd jaar tydperk van relatiewe stabiliteit en vrede dwarsoor die Romeinse Ryk. Rome se verowering van die Mediterreense wêreld het vrede bewerkstellig, ‘n algemene taal gevestig, gunstige omstandighede om te reis meegebring, en ‘n algemene kultuur daargestel waarin die evangelie vinnig versprei kon word. Vanuit ‘n bybelse perspektief het dit ook die begin aangedui van die tyd wat God bewerkstellig het vir die koms van die beloofde Messias (*lees Dan. 9:24–27*).

**Waarom moes Christus ons menslikheid aanneem om ons te verlos? *Joh. 1:14; Gal. 4:4, 5; Rom. 8:3, 4; 2 Kor. 5:21; Filip. 2:5–8; Heb. 2:14–18; 4:14, 15.***

---

---

Galasiërs 4:4, 5 bevat een van die bondigste weergawes van die evangelie in die Skrif. Dit was geen ongeluk dat Jesus Sy verskyning in die mensdom se geskiedenis gemaak het nie. “God het sy Seun uitgestuur”. Met ander woorde, God het die inisiatief geneem vir ons redding. Implisiet in hierdie woorde is die grondliggende Christelike geloof in Christus se ewige godheid (*Joh. 1:1–3, 18; Filip. 2:5–9; Kol. 1:15–17*). God het nie ‘n hemelse boodskapper gestuur nie, Hy Self het gekom. Alhoewel Hy die goddelik voorafbestaande Seun van God was, is Jesus ook gebore “uit ‘n vrou”. Deur die maagdelike geboorte wat in hierdie frase geïmpliseer word, bevestig dit egter ook meer spesifiek Sy opregte menslikheid. Die frase “gebore onder die wet” verwys nie slegs na Jesus se Joodse herkoms nie, maar sluit ook die feit in dat Hy ons veroordeling gedra het. Dit was noodsaaklik dat Christus ons menslikheid sou aanneem, omdat ons nie onself kan red nie. Deur Sy goddelikheid net ons gevalle menslike geartheid te verenig, het dit Christus wettig in staat gestel om ons Plaasvervanger, Verlosser, en Hoëpriester te wees. As die tweede Adam het Hy gekom om alles op te eis wat deur die eerste Adam se ongehoorsaamheid verloor is (*Rom. 5:12–21*). Die vereistes van die wet is deur Sy gehoorsaamheid volmaak vervul, en sodoende is Adam se tragiese mislukking herstel. En deur Sy dood aan die kruis het Hy met die geregtigheid van die wet te make gehad, wat vereis het dat die sondaar moet sterf, en sodoende het Hy die reg verkry om almal te verlos wat in ware geloof en oorgawe na Hom toe kom.

## Die voorregte van aanneming (*Gal. 4:5–7*)

In Galasiërs 4:5–7 brei Paulus uit op hierdie tema, en beklemtoon dit dat Christus nou “om die wat onder die wet was, los te koop” (verse 4, 5). Hier sien ons iets van “los te koop” wat ook beteken om “terug te koop”. Dit verwys na die prys wat betaal is om die vryheid van ‘n slaaf of gevangene te verseker. Soos die konteks aandui, veronderstel verlossing ‘n negatiewe agtergrond: ‘n persoon het ‘n behoefte daaraan om verlos te word. Waarvan moet ons egter bevry word? Die Nuwe Testament bied onder andere vier dinge aan: (1) bevry van die duiwel en sy liste (*Heb. 2:14, 15*), (2) bevry van die dood (*1 Kor. 15:56, 57*), (3) bevry van die mag van sonde wat ons sondige geaardheid gevange hou (*Rom. 6:22*), en (4) bevry van die veroordeling van die wet (*Rom. 3:19–24, Gal. 3:13, 4:5*).

**Watter positiewe doelwit het Christus namens ons behaal deur die verlossing wat ons in Hom het? *Gal. 4:5–7; Efe. 1:5; Rom. 8:15, 16, 23; 9:4, 5.***

Ons praat dikwels van dit wat Christus vir ons bewerkstellig het as “verlossing”. Al is dit waar, is die woord egter nie so aanskoulik en beskrywend soos Paulus se unieke gebruik van die woord aanneming (huliothesia) nie. Al is Paulus die enigste skrywer in die Nuwe Testament om hierdie woord te gebruik, was aanneming ‘n welbekende regsprosedure in die Grieks-Romeinse wêreld. Verskeie Romeinse keisers, gedurende Paulus se leeftyd, het aanneming gebruik as ‘n wyse om ‘n opvolger te kies indien hulle nie ‘n wettige erfgenaam gehad het nie. Aanneming het ‘n paar voorregte meegebring: “(1) Die aangenome seun word ‘n ware seun . . . van sy aannemer . . . (2) Die aannemer stem in om die kind behoorlik groot te maak en die nodige behoeftes soos kos en klere te voorsien. (3) Die aannemer kan nie sy aangenome seun verwerp nie. (4) Die kind kan nie tot ‘n slaaf verklaar word nie. (5) Die kind se biologiese ouers het geen reg om hom op te eis nie. (6) Die aanneming gee die kind al die regte en voorregte om te erf.”—Derek R. Moore-Crispin, “*Galatians 4:1–9: The Use and Abuse of Parallels*,” *The Evangelical Quarterly*, vol. LXI/No. 3 (1989), p. 216 – vry vertaal. Indien hierdie regte op ‘n aardse basis gewaarborg is, stel jouself voor hoeveel groter is die voorregte wat ons as aangenome kinders van God het!

**Lees Galasiërs 4:6, en onthou dat die Hebreeuse woord *Abba* die intieme woord is wat kinders gebruik het om hulle vader aan te spreek, net soos ons vandag *Pa* of *Pappie* gebruik. Jesus het dit in gebed gebruik (*Markus 14:36*), en as God se kinders, het ons dieselfde voorreg om ook die woord *Abba* vir God te gebruik. Geniet jy dieselfde soort intimiteit met God in jou eie lewe? Indien nie, waar lê die probleem? Wat kan jy verander om hierdie hegtheid te bewerkstellig?**

## Waarom terug na slawerny? (Gal. 4:8–20)

**Lees Galasiërs 4:8–20. Skryf hieronder ‘n kort Samevatting van wat Paulus hier sê. Hoe ernstig neem hy die vals leerstellinge onder die Galasiërs op?**

---

---

Paulus beskryf nie die presiese aard van die Galasiërs se godsdienstige praktyke nie, maar hy het dit beslis in gedagte dat ‘n valse stelsel van aanbidding aanleiding gee tot geestelike slawerny. Trouens, hy het dit so gevaarlik en destruktief geag, dat hy ‘n uiters inspirerende brief skryf, en die Galasiërs waarsku dat wat hulle tans besig is om te doen, dieselfde was as om ‘n mens se seunskap in slawerny te verander.

**Alhoewel hy nie in fyn besonderhede daarop ingaan nie, wat sê Paulus doen die Galasiërs wat so aanstootlik is? Gal. 4:9–11.**

---

---

Talle interpreteer Paulus se verwysing na “dae en maande en tye en jare” (Gal. 4:10) as ‘n beswaar nie net teen die seremoniële wette nie, maar ook teen die Sabbat. So ‘n interpretasie is egter sonder enige bewyse. Eerstens, as Paulus werklikwaar die Sabbat wou uitsonder, asook enige ander spesifieke Joodse praktyke, is dit duidelik uit Kolossense 2:16 dat hy dit baie maklik op die naam kon noem. Paulus is beslis dat wat die Galasiërs besig is om te doen, dit hulle weggelei het van vryheid in Christus na slawerny. “Indien onderhouding van die sewendedag-Sabbat ‘n mens dwing tot slawerny (gebondheid), is dit omdat die Skepper Self tot slawerny toetree het toe Hy die wêreld se heel eerste Sabbat onderhou het!” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 967 – vry vertaal. En ook, waarom sou Jesus wel die Sabbat onderhou het, en ander geleer het hoe om dit te onderhou, indien die behoorlike onderhouding daarvan mense weerhou het van enige vryheid wat hulle in Hom sou hê? (*lees Mark. 2:27, 28; Luk. 13:10–16.*)

**Kan daar enige praktyke in Sewendedag-Adventisme wees wat van die vryheid wegneem wat ons in Christus het? Of, behalwe dat daar praktyke is wat op sigself problematies is, wat van ons gesindhede jeens hierdie praktyke? Hoe kan die verkeerde gesindheid ons lei tot ‘n sekere soort slawerny waarteen Paulus die Galasiërs so heftig gewaarsku het?**

## Verdere leeswerk:

“In die raad van die hemel is daar voorsiening gemaak dat die mens, alhoewel oortreders, nie sou vergaan in hulle ongehoorsaamheid nie, maar deur geloof in Christus as hulle plaasvervanger en borg, die uitverkorenes van God sou word, wat vooraf as kinders deur Jesus Christus vir Homself aangeneem is, volgens die groot vreugde van Sy wil. God verlang dat alle mense gered sou word; want daar is oorgenoeg voorsiening gemaak deurdat Hy Sy eniggebore Seun gegee het om die mens se losprys te betaal. Diegene wat vergaan, sal vergaan omdat hulle geweier het om aangeneem te word as kinders van God deur Christus Jesus. Die mens se trots verhinder hom om die voorsiening van verlossing te aanvaar. Maar menslike verdienste sal geen siel in die hemel toelaat in die teenwoordigheid van God nie. Dit wat die mens aanvaarbaar maak voor God is die toegerekende oorgedraagde genade van Christus deur geloof in Sy naam. Daar kan nie afhanklikheid wees in werke of goedvoel-dade as bewys dat die mens deur God uitverkies is nie; want die uitverkorenes word deur Christus aangeneem.”—Ellen G. White, “*Chosen in Christ*,” *Signs of the Times*, 2 Januarie 1893 – vry vertaal.

## Vrae om te bespreek:

- 1. Dink daaroor wat dit beteken, en wat dit nie beteken nie, om soos kinders in jou wandeling met die Here te wees. Watter eienskappe van kinders moet ons naboots ten opsigte van ons geloof en verhouding met God? En terselfdertyd, hoe kan ons hierdie idee te ver neem? Bespreek dit.**
- 2. Wat is dit aangaande die mens wat hulle so bevrees maak oor die idee van genade, of verlossing deur geloof alleen? Waarom is dit dat talle mense eerder hulle weg tot verlossing wil verdien deur werke, indien dit moontlik sou wees?**
- 3. Laat die klas weer kyk na die laaste vraag van Donderdag se les. Op watter wyses kan ons as Sewendedag-Adventiste vasgevang raak in die soort slawerny waarvan die ideaal sou wees om bevry te word? Hoe kan dit met ons gebeur, en hoe weet ons indien dit gebeur, en hoe kan ons daarvan vrygemaak word?**

## Samevatting:

In Christus is ons aangeneem in God se familie as Sy seuns en dogters. As God se kinders het ons toegang tot al die regte en voorregte wat gepaardgaan met sulke familieverhoudings. Om in verhouding met God te wees, slegs op die basis van reëls en regulasies, sou dwaas wees. Dit sou soos ‘n seun wees wat van sy posisie en erflating wou afstand doen om soedoende ‘n slaaf te word.

